Inhoud

Boek profiel – bladsy 6

Eenheid 1 bladsy 7	**Eenheid 2** bladsy 23	**Eenheid 3** bladsy 37	**Eenheid 4** bladsy 55	**Eenheid 5** bladsy 72
Lees Hoofstuk 1 – 5	**Lees** Hoofstuk 6 - 10	**Lees** Hoofstuk 11 - 14	**Lees** Hoofstuk 15 -18	**Lees** Hoofstuk 19 - 22
Verryking #1-9	**Verryking** #1-9	**Verryking** #1-7	**Verryking** #1-7	**Verryking** #1-10
Begrip #1-9	**Begrip** #1-9	**Begrip** #1-13	**Begrip** #1-8	**Begrip** #1-12
Woordeskat en Spelling A Definisie B Woordwaardes C Lettergrepe D Hersiening	**Woordeskat en Spelling** A Definisie B Vind die woord C Hersiening	**Woordeskat en Spelling** A Definisie B Vul die spasies C Geskommelde woorde D Hersiening	**Woordeskat en Spelling** A Definisie B Sigsag Woordsoek C Lettervorms. D Hersiening	**Woordeskat en Spelling** A Definisie B Woord Krabbel C Hersiening
Taalleer A Taalvrae B Idiome C Woordsoorte	**Taalleer** A Taalvrae B Woordsoorte	**Taalleer** A Idiome B Selfstandige naamwoorde	**Taalleer** A Idiome B Woordsoorte C Woordsoorte	**Taalleer** A Taalvrae B Woordsoorte C Bou die sinne
Gedig My nuwe Vaderland – C Louis Leipoldt	**Gedig** Dis al – Jan F.E. Celliers	**Gedig** 'n Nuwe Liedjie op 'n ou Deuntjie - C Louis Leipoldt Die ou Blikkie - C Louis Leipoldt	**Gedig** Aan 'n seepkissie - C Louis Leipoldt Die kampsuster - Jan F.E. Celliers	**Gedig** In die Konsentrasiekamp– C Louis Leipoldt Vrede-aand – C Louis Leipoldt
Diktee A Diktee B Diktee C Diktee D Korreksie	**Diktee** A Diktee B Diktee C Diktee D Korreksie	**Diktee** A Diktee B Diktee C Diktee D Korreksie	**Diktee** A Diktee B Diktee C Diktee D Korreksie	**Diktee** A Diktee B Diktee C Diktee D Korreksie

Hersiening – bladsy 90
A Reuse Woordsoek
B Blokkiesraaisel
C Soek spelfoute
D Pas definisies
E Sinonieme
F Doolhof

Woorde lys – bladsy 98

Tipes Spelfoute – bladsy 102

Antwoorde – bladsy 105

Bronnelys – bladsy 115

© lomi.co.za 2026

Gezina en die bruin wind

BEGRIP 1

Hoofstuk 1
1. Wanneer oefen Gina orkes?
2. Wanneer word ouma Hephziba 97 jaar oud?
3. Hoekom is dit 'n probleem dat ouma juis nou wil kom kuier?

Hoofstuk 2
4. Waarom is ouma Hephziba amper blind?

Hoofstuk 3
5. Waarheen nooi Oliver vir Gina?

Hoofstuk 4
6. Hoe terg Gina Oliver oor "squash"?
7. Watter troeteldier het Oliver se boetie?

Hoofstuk 5
8. Watter huiswerk het Gina nog om klaar te maak?
9. Waar het ouma 'n foto van hul gesin gekry?



© lomi.co.za 2026

Gezina en die bruin wind

VERRYKING/SKRYFKUNS 2

Oordenking / Bespreking:

1. Het jy al 'n eerste liefde gehad?

Projek:

2. Soek 'n resep vir souskluitjies en maak dit by 'n ete.

3. Skets die Boere en Britse wapens en dui die verskille aan.

Navorsing:

4. Lys die oorsake / redes wat gelei het tot die Boereoorlog.

5. Doen navorsing oor die rol wat Generaals Rundle en Pole-Carew gespeel het in die boereoorlog.

6. Wat is 'n hold-all?

7. Lees op oor boererate (medisyne) en waarvoor dit gebruik is, soos wondermiddel met bokvet, balsem kopiva, balsem vita en inpekakuane-tinktuur.

8. Wie was die Zarps?

9. Skryf 'n opstel oor die veldslag wat by Paardeberg plaasgevind het.

© lomi.co.za 2026

C Geskommelde woorde. Skommel die letters rond om die woordeskat woorde te vorm. Gebruik dan die letters in die sirkels om die geheime woord te ontsyfer.

LRADWE

ESEPRRAK

EILKAORADNB

○		○								

RSGYEWET

	○						

RSMASK

SASAKM

NIINESGNB

	○							

ELGEDBGE

				○			

ENISIKERG

						○		

ERLUI

				○

AERREVGT

				○			

OOSROKT

○	○				○	

Geheime woord:

D Hersiening. Op die volgende bladsy, skryf die spelwoorde wat aan jou voorgelees word. Woorde uit hierdie eenheid en spelfoute uit jou diktee stukke sal deel wees van die toets.

Skryf jou punt hier neer: _________/________

© lomi.co.za 2026

Gezina en die bruin wind

WOORDESKAT EN SPELLING 4

A Definisie. Skryf elke woord voor sy definisie.

stommel	kolonne	triestige	vertoiingde
huigel	latrine	iesegrimmig	flakker
hool	beroering	eensklaps	stank

1. ______________________________ s.nw. 'n Toilet, veral een buite die huis of op 'n openbare plek.

2. ______________________________ s.nw. Opstelling van soldate met klein frontbreedte in op mekaar volgende geledere. Versameling naam vir verraaiers wat in hul eie land vir die vyand werk.

3. ______________________________ b.nw en bw. Droefgeestig, droewig. Naar, somber.

4. ______________________________ ww. Dowwe geluide veroorsaak deur bewegings.

5. ______________________________ s.nw. Onaangename, slegte reuk.

6. ______________________________ ww. Jou beter voordoen as wat jy is; skynheilig wees; veins.

7. ______________________________ ww. Brand met opskietende vlamme.

8. ______________________________ s.nw. Beweging. Opgewondenheid, verontrusting. Opstand, burgertwis.

9. ______________________________ b.nw Verflenter, verwaarloos.

10. ______________________________ bw. Plotseling, skielik, opeens.

11. ______________________________ b.nw en bw. Stuurs, nukkerig, nors

12. ______________________________ s.nw. 'n Onaangename en vuil plek wat aan 'n ashoop herinner. Skuilplek; nes; gat.

© lomi.co.za 2026

Gezina en die bruin wind

TAALLEER 5

A Taalvrae

1. Wat beteken die idioom? Skuim van die aarde: ____________________________________

____

2. Wat is die verskil tussen kinderlik en kinderagtig? ______________________________

____

____

____

3. Wat is die antoniem van krepeer? ____

B Woordsoorte. In die volgende sinne, merk die werkwoorde in geel, die lidwoorde in rooi en die selfstandige naamwoorde in blou.

Sy draai en draai die riempie om haar vinger. Die wind kom van die regte kant af; jy kan die veld ruik en nie die slote nie.

C Bou die sinne. Die letter van elke kolom is onder dit. Herbou die sinne deur die karakters in die regte blokkie te plaas.

	L		■			T	■				■	I		■				■			O			■		N	■		N
■				■								■	-	■			■				■				■				■
J								.	.	.	■		L	■				■	D		A				■				■
			■					.	.	.	■	A		■				■								E	■		
■	■	■	■	■	■	■	■	■	■	■					E	?	■	■	■	■	■	■	■	■	■	■	■	■	■

		N			I										D	I				R		L	A					I	
	D	I		W	E	E	D						L		A	I	E		I	L		E	A	G				E	
B	I	E	E	D	I	N	E	D	S	N	T	A	N		D	L	E		V	E		L	D	N	E	V	A	N	
D	O	Y	K	W	W	E	S	F	A	E	L	R	A	N	D	I	E	D	B	E	R	A	I	E	G	V	A	N	N

© lomi.co.za 2026

Gezina en die bruin wind

DIKTEE 5

A Diktee uit Gezina en die bruin wind
Sy gaan op 'n klip 'n ent van die laaste tente af sit. Daar is niks in haar kop nie; heeltemal niks nie. Dis asof elke gedagte uit haar getap is; asof sy uit 'n groot leegte na die kamp voor haar kyk: die verweerde waens tussen die tente, die rook uit konkas naby die tentopeninge, die weerkaatsing van die wit sonlig op die paar sinkgeboue. Sy sien die bekende figuur van die bruin wind tussen die tente loop; sy voel hoe hy sy stowwerige vingers oor haar sleep.

B Diktee uit Gezina en die bruin wind
Sy rol die lekker in haar kies. Dit is soos 'n soet druppel in die uur van haar smart en vernedering. Hierdie een is anders, dink sy. Hy wou nie doodmaak nie. Hy ís jonk soos ons. Hy hoort nie in die oorlog nie, net soos wat ons nie in die oorlogskonsentrasiekampe hoort nie.

C Diktee Mattheus 28:19
Want as julle die mense hulle oortredinge vergewe, sal julle hemelse Vader julle ook vergewe. Maar as julle die mense hulle oortredinge nie vergewe nie, sal julle Vader julle oortredinge ook nie vergewe nie.

Of Markus 16:15-18
En Hy het vir hulle gesê: Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom. Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word. En vir die wat geglo het, sal hierdie tekens volg: in my Naam sal hulle duiwels uitdryf, met nuwe tale sal hulle spreek, slange sal hulle opneem; en as hulle iets dodeliks drink, sal dit hulle geen kwaad doen nie; op siekes sal hulle die hande lê, en hulle sal gesond word.

D Korreksie uit Gezina en die bruin wind
Korrigeer die volgende sinne:

ek weet se ouma. god maak nooit 'n fout. die gina wat hier by ouma sit, is die gina wat onse hemelse vader al voor die refugee-kamp in gedagte gehad het

© lomi.co.za 2026